Universiteit van Pretoria Jaarboek 2016

Algemene Regulasies en Reëls van die Universiteit van Pretoria en die Woordverklarings.

Algemene Reëls

Beroepsgesondheid en -veiligheid

Alle personeel en studente verbonde aan die Universiteit moet te alle tye die voorskrifte ten aansien van beroepsgesondheid en -veiligheid soos uiteengesit in die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993), nakom, insluitend alle reëls en werksprosedures wat deur die Universiteit in belang van gesondheidveiligheid daar gestel is.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.